

Die ontwikkeling van 'n gerekenariseerde
waterverdelingstelsel
vir die optimale bestuur van
besproeiingskanaalstelsels

Outeur: Mnr N. Benadè
Laboratorium vir Energie
Randse Afrikaanse Universiteit
2 November 1993

WNK Verslag No: 367/1/93
ISBN No: 1 86845 007 4

Inhoudsopgawe

1. WATERVERDELINGSTELSEL	6
a. Selfverdelingstelsel:	6
b. Meganiese onttrekking:.....	6
c. Leibeurtstelsel:	6
d. Aanvraagstelsel:.....	6
1.1. Hand-aanvraagstelsel	6
1.1.1. Aanvraag van water.....	7
a. Oorspronklike aansoek:	7
b. Spesiale aansoek:.....	8
c. Aansoek om kansellaries:.....	8
1.1.2. Looptyd van water	10
1.1.3. Opstel van leikaarte.....	11
1.1.4. Opsomming van die aanvraag	12
1.1.5. Verspreidingsopdrag	12
1.1.6. Verliese.....	13
a. Verdampingsverliese:.....	13
b. Lekkasieverliese:	13
c. Verspillingsverliese:	13
d. Opvullingsverliese:.....	13
1.1.7. Beskikkingsverslag.....	14
1.1.8. Bespreking van die hand-watervedelingstelsel	14
a. Verwerking van wateraansoeke.....	14
b. Bepaling van looptye	14
c. Bepaling van verliese	15
d. Opstel van leikaarte	15
e. Opstel van verspreidingsopdragte.....	16
f. Berekening van die opsomming van die aanvraag.....	16
g. Opstel van beskikkingsverslae.....	16
1.2. Gerekenariseerde watervedelingstelsel	18
1.2.1. Wateraanvraagstelsel (RAUDB).....	18
a. Waterbalanstate:	19
b. Waterverslag:	20
c. Verslag van oorplasings:	20
d. Leikaarte:	21
e. Verspreidingsopdragte:.....	22
f. Opsomming van die waterbalanse:	22

g. Opsomming van die persentasie kwota verbruik:	23
1.2.2. Simulasiemodel (Procan)	24
a. Berekening van looptye	24
b. Berekening van syferingsverliese	25
c. Berekening van verdampingsverliese	26
d. Berekening van opvullingsverliese	27
e. Berekening van verspillingsverliese	28
1.3. Aanvraagopsommingstelsel (SigmaQ)	29
1.3.1. Vloeisnelheid	31
1.3.2. Watervlakbreedte en benatte omtrek	32
1.3.3. Verdamping, syfering, kompensasie	32
1.3.4. Aan- en aflooptye	33
1.3.5. Berekenende loslating m.b.v. SigmaQ	34
1.3.6. SigmaQ berekeningsvoorbeeld	35
1.4. Hipotetiese kanaalstelsel	37
1.4.1. Beskrywing van die hipotetiese kanaalstelsel	37
1.4.2. Hipotetiese kanaalstelsel resultate	40
1.4.3. Bespreking van resultate	45
1.5. Bespreking van die gerekenariseerde waterverdelingstelsel	46
a. Verwerking van wateraansoeke	46
b. Bepaling van looptye	46
c. Bepaling van verliese	47
d. Opstel van leikaarte	47
e. Opstel van verspreidingsopdragte	47
f. Berekening van die opsomming van die aanvraag	47
g. Opstel van beskikkingsverslae	47
2. 'N GEVALLESTUDIE OOR DIE OPTIMUM VOORSIENING VAN	
BESPROEIINGSWATER TE LOSKOP-BESPROEIINGSKEMA	50
2.1. Takkanaal-145 beskrywing	50
2.2. Massabalans	50
2.3. Berekening van die loslating	51
2.3.1. Hand-waterverdelingstelsel	52
2.3.2. Gerekendariseerde-waterverdelingstelsel	53
2.4. Vergelyking en bespreking van resultate	54
3. GEVOLGTREKKING EN BESPREKING	56
Verwysings	58
Aanhangsel A	59
Aanhangsel B	78

Lys van figure

Figuur 1.1 Oorspronklike aansoek	8
Figuur 1.2 Spesiale aansoek	9
Figuur 1.3 Aansoek om 'n kansellasië	9
Figuur 1.4 Vloeityd van water	10
Figuur 1.5 Skematiese voorstelling van die hand-watervedelingsstelsel	17
Figuur 1.6 Gerekenariseerde aansoekkaartjie	18
Figuur 1.7 Waterbalansstaat	19
Figuur 1.8 Waterverslag	20
Figuur 1.9 Verslag van oorplasings	21
Figuur 1.10 Gerekenariseerde leikaart	21
Figuur 1.11 Verspreidingsopdrag	22
Figuur 1.12 Opsomming van waterbalanse	23
Figuur 1.13 Opsomming van die persentasie kwota verbruik	24
Figuur 1.14 Looptyd as 'n funksie van vloeitempo	25
Figuur 1.15 Syfering as 'n funksie van vloeitempo	26
Figuur 1.16 Verdamping as 'n funksie van vloeitempo	27
Figuur 1.17 Volume as 'n funksie van vloeitempo	28
Figuur 1.18 Verspillingsverlies	29
Figuur 1.19 Skematiese voorstelling van kanaalstelsel opgedeel in elemente	30
Figuur 1.20 Verplasing van die som van die oorspronklike aanvraag	31
Figuur 1.21 Byvoeging van verliese by die som van die oorspronklike aanvraag	33
Figuur 1.22 Byvoeging van aan- en aflooptye by oorspronklike aanvraag	34
Figuur 1.23 Finale loslating in vergelyking met die oorspronklike aanvraag	35
Figuur 1.24 In- en uitvloeihidrograaf van 'n kanaal met 'n enkele onttrekking	36
Figuur 1.25 Hipotetiese kanaalstelsel	38
Figuur 1.26 SigmaQ berekeningsmetode	39
Figuur 1.27 Takkanaal B invloei en uitvloei	40
Figuur 1.28 Takkanaal C invloei en uitvloei	41
Figuur 1.29 Takkanaal D invloei en uitvloei	41
Figuur 1.30 Takkanaal E invloei en uitvloei	42
Figuur 1.31 Takkanaal F invloei en uitvloei	42
Figuur 1.32 Takkanaal G invloei en uitvloei	43
Figuur 1.33 Takkanaal H invloei en uitvloei	43
Figuur 1.34 Takkanaal I invloei en uitvloei	44
Figuur 1.35 Hoofkanaal A invloei en uitvloei	44
Figuur 1.36 Gerekenariseerde watervedelingsstelsel	48

Figuur 1.37 Oorspronklike aanvraag, die loslating soos met die hand en rekenaar bereken	52
Figuur 1.38 Loslating met die hand bereken en die gesimuleerde uitvloei	53
Figuur 1.39 Loslating m.b.v. SigmaQ bereken en die gesimuleerde uitvloei	54

Lys van tabelle

Tabel 1.1	Hipotetiese kanaalstelsel verliese	45
Tabel 1.2	Kanaal 145 verdampings- en syferingsverliese.....	51
Tabel 1.3	Vergelyking tussen die handstelsel en die gerekenariseerde-stelsel	54
Tabel A.1	Kanaal 145 periode 26 verwerkte aanvraag.....	60
Tabel A.2	Takkanaal 145 periode 23 massabalans.....	64
Tabel A.3	Takkanaal 145 periode 25 massabalans.....	66
Tabel A.4	Takkanaal 145 periode 26 massabalans.....	68
Tabel A.5	Takkanaal-145 SigmaQ data.....	70

1. WATERVERDELINGSTELSEL

Die waterverdelingstelsels wat in hierdie studie bespreek word, handel spesifiek oor kanaalstelsels wat op die aanvraagstelsel werk en wat water d.m.v. sluise aan gebruikers lewer.

Die doel van waterverdeling is om die water op 'n spesifieke tyd, vir 'n voorafbepaalde tydperk teen 'n vasgestelde vloeytempo by 'n sekere punt beskikbaar te stel. Om hierdie doel te bereik het daar verskeie waterverdelingstelsels ontwikkel nl.:

a. Selfverdelingstelsel:

M.b.v. hierdie stelsel onttrek die gebruiker water enige tyd deur 'n selfregistrerende vloeibeheerklap.

b. Meganiese onttrekking:

Die water word m.b.v. pompe uit 'n rivier of 'n kanaal onttrek.

c. Leibeurtstelsel:

M.b.v. hierdie stelsel word die beskikbare water in 'n kanaal eweredig tussen gebruikers verdeel deur van leibeurte gebruik te maak.

d. Aanvraagstelsel:

M.b.v. die aanvraagstelsel word die beskikbare water in die bron vooraf verdeel deur aan elke gebruiker 'n kwota toe te ken. Elke gebruiker vra water aan, binne die beperkings van die stelsel, soos wanneer dit benodig word.

Hierdie studie handel oor die optimale lewering van water wat op die aanvraagstelsel gebaseer is. Die grootste besproeiingskemas in Suid-Afrika naamlik Loskop-besproeiingsraad, Pongola-besproeiingsraad, Rietrivier-, Mooirivier-, Hartbeespoort-, Groot Marico-, Sandvet- en Vaalharts-staatswaterskemas werk op die aanvraagstelsel. Die aanvraagstelsel het oor die jare ontwikkel en word vervolgens in meer detail bespreek.

1.1. Hand-aanvraagstelsel

Soos die naam aandui word water op versoek van die besproeier gelever. Die bron waaruit die water gelever word, is gewoonlik 'n standhoudende rivier of 'n dam waarin die water opgegaar word. Die totale inlysting van die besproeiingskema en die beskikbare water in die bron bepaal die grootte van die kwota wat aan elke besproeier vir 'n betrokke waterjaar toegeken word. Die besproeier kan dan met inagneming van

die maksimum onttrekkingsreg en die reëls en regulasies van die betrokke skema water aanvra wanneer dit benodig word.

'n Volume water word uit die bron aangevra vir 'n sekere periode. 'n Periode is normaalweg een week lank en dit dui die besproeiingsiklus wat op 'n skema van toepassing is aan. Die water kan nie altyd op die dag en tyd gelewer word soos dit aangevra is nie, aangesien die lewering bepaal word deur die totale aanvraag vir 'n spesifieke periode. Indien die totale aanvraag te groot is, kan die kapasiteit van die kanale oorskry word en indien dit te laag is, dan is die veliese normaalweg baie hoog.

Daar is twee tipe aanvraagstelsels. Die eerste tipe is 'n enkelaanvraagstelsel waar elke besproeier self water aanvra. Die tweede tipe is 'n gemeenskaplike aanvraagstelsel waar 'n aantal besproeiers op een aansoekvorm water aanvra en die water m.b.v. selfverdelende strukture verdeel word. Beide stelsels vra egter water op dieselfde manier aan, wat vervolgens bespreek word.

1.1.1. Aanvraag van water

Die water wat vir besproeiers in die bron beskikbaar is, kan nie na willekeur onttrek word nie. Die dravermoë van die kanale, looptye en die totale aanvraag op die skema moet in ag geneem word. Besproeiers bestel water vir 'n sekere periode op 'n tydstop wat die waterbeheerbeampte die geleentheid bied om die totale waterbehoefte vir die skema te bepaal en tyd laat om water vanaf die bron tot by die punt waar die water benodig word, te vervoer.

Wateraanvrae word gevolglik op 'n weeklikse basis deur die besproeiers op verskillende aansoekkaartjies gedoen. Geen water word aan 'n besproeier gelewer indien daar nie skriftelik voor aansoek gedoen is nie. Op die aansoek moet die sluisnommer waar die water gelewer moet word, die volume water wat benodig word en die tydperk waarvoor die water gelewer moet word duidelik aangetoon word. Daar is drie verskillende aansoekvorms nl.:

a. Oorspronklike aansoek:

Oorspronklike aansoekvorms is wit, sien Figuur 1.1, en die besproeier voltooi een vorm vir elke sluis waar water benodig word.

b. Speciale aanzoek:

Spesiale aansoekvorms is blou, sien Figuur 1.2, en dit word gebruik vir aansoeke vir water wat na die voorgeskrewe tyd ontvang word. Spesiale aansoeke word eers deur 'n waterbeheerbeampte goedgekeur.

c. Aansoek om kansellaries:

Kansellasievorms is pienk, sien Figuur 1.3, en dit word gebruik om water wat reeds aangevra is te kanselleer. 'n Aansoek om 'n kansellasië moet vroegetydig deur die besproeier ingedien word sodat die waterbeheerbeampte die water betyds by die bron kan afsny.

[illegible]

Figuur 1.1 Oorspronkelijke aansoek

SPESIALE AANSOEK OM WATER • SPECIAL APPLICATION FOR WATER

Ek, die ondergetekende, doen hiermee aansoek om water soos aangedui; redes:
I, the undersigned, hereby apply for water as set out below; reasons:

	Sluis No. Sluice No.	Vloei tempo Rate of flow	Ure Hours	M		D/T		W		D/T		V/F		S		S	
				D	N	D	N	D	N	D	N	D	N	D	N	D	N
Aanvraag Application																	
Goedgekeur Approved																	
Besproeier Irrigator	Datum Date		Toevoervoer Feeder		Periode Period												
Aansoek is op ontvang en word toegestaan/nie toegestaan soos aangedui. The application was received on and may/may not be allocated as indicated. Handtekening Rang Datum Signature Rank Date Ek aanvaar hiermee die bostaande toekenning van water deur die Departement. I hereby accept the above-mentioned allocation of water by the Department. Besproeier Datum Irrigator Date Opmerkings/Remarks																	

Figuur 1.2 Spesiale aansoek



Departement van Waterwese Department of Water Affairs

KANSELLASIE VAN WATER • CANCELLATION OF WATER

Alle aansoeke om water te kanselleer moet by die Wykswater-beheerbeampte gedoen word. This form must be fully completed and signed before cancellation is effected. HIERDIE VORM SAL NIE AANVAAR WORD AS DIT NIE VOLLEDIG INGEVUL EN ONDERTEKEN IS NIE. THIS FORM WILL NOT BE ACCEPTED UNLESS COMPLETED PROPERLY.													
Voerkanaal Feeder canal												Periode No. Period No.	
Sluis No. Sluice No.	Vloei tempo Rate of flow	Ure Hours	So. Su.	Ma. Mo.	Di. Tu.	Wo. We.	Do. Th.	Vr. Fr.	Sa. Sa.	So. Su.	Handtekening/Signature Besproeier/Irrigator		
D	N	D	N	D	N	D	N	D	N	D		N	
Bogemelde aansoek is op ontvang en kan soos aangedui toegestaan word. The above-mentioned application was received on and may be granted as shown. Handtekening Rang Datum Signature Rank Date Ek/Ons bevestig en aanvaar hiermee die bostaande aansoek om kansellering van besproeiingswater. I/We hereby confirm and accept the above-mentioned application for the cancellation of irrigation water. Besproeier/Signsman Datum/Date													

Figuur 1.3 Aansoek om 'n kansellering


Die aansoekkaartjies word deur die besproeiers ingevul en in 'n posbus, spesiaal vir hierdie doel, gepos. Die skema is opgedeel in wyke en elke wyk het 'n waterbeheerbeampte wat die posbus op 'n sekere tyd leegmaak sodat die wateraansoeke vir die volgende periode betyds verwerk kan word. Vanaf die wateraansoeke stel die waterbeheerbeampte, 'n leikaart, 'n opsomming van die aanvraag en 'n kanaalwagopdrag op. Leikaarte, opsomming van die aanvraag en verspreidingsopdragte word in detail in § 1.1.3 tot § 1.1.5 bespreek.

Vir die effektiewe verdeling van water is die looptyd van water onder verskillende omstandighede baie belangrik. 'n Opsomming, soos beskryf in die notas vir waterbeheerbeamptes, word kortliks bespreek.

1.1.2. Looptyd van water

Die looptyd van water is daardie tyd wat die water sal neem om vanaf een punt in die kanaal tot by 'n volgende punt in die kanaal te beweeg. Indien 'n sluis op 'n spesifieke tyd oopgemaak moet word, moet die looptyd vanaf die bron tot by die betrokke sluis bekend wees, sodat die water vroegtydig by die bron losgelaat kan word. Die noukeurige bepaling en toepassing van die tyd wat die water neem om onder verskillende toestande tussen twee punte te beweeg beïnvloed die doeltreffendheid van die waterverdeling.

Vir die mees doeltreffende verdeling moet die pad vir elke stroom water vooraf bepaal word. Indien dit nie gedoen word nie sal die stroom, wanneer dit onttrek word nog nie die spesifieke punt bereik het nie of alreeds verby wees. Dieselfde beginsel geld waar dieselfde stroom water vanaf 'n sluis na 'n ander sluis verplaas word.



Figuur 1.4 Vloeityd van water

Figuur 1.4 stel 'n kanaal voor met 10 strome water. Die water neem vanaf die bron tot by die eerste sluis 4 uur, en daarna 1 uur vanaf sluis tot sluis.

Indien die totale stroom gelyktydig by die bron uitgelaat word, kan die eerste sluis na 4 uur oopgemaak word, die tweede na 5 uur en die derde na 6 uur ens.

Indien sluis 1 'n uur later oopgemaak word beteken dit dat die water wat by sluis 1 uitgelaat moet word reeds tot by sluis 2 gevorder het, met die gevolg dat 1 uur water verlore is.

Indien sluis 6 wat 9 uur na die bron oopgemaak moet word, reeds 7 uur nadat die bron oopgemaak is oopgemaak word, beteken dit dat die water wat vir sluis 8, 9 en 10 bedoel is nou hier onttrek word met die gevolg dat die water op die onderpunt vir 'n tydperk van 2 uur gaan kortloop en daarna na normaal terugkeer.

Indien die water van sluis 7 na sluis 8 verskuif moet word, kan sluis 8 nie oopgemaak word voordat die water wat by sluis 7 uitgegaan het in die kanaal gevorder het tot by sluis 8 nie, anders word daar ook van die water wat vir sluise 8, 9 of 10 bedoel is onttrek vir die tyd wat die stroom neem om van sluis 7 na sluis 8 te loop.

Vir die teenoorgestelde geval indien die water van sluis 8 na sluis 7 verplaas moet word, moet sluis 7 oopgemaak word voordat sluis 8 toegemaak word sodat die afloopwater na sluis 8 nie verlore gaan om 'n surplus aan die onderpunt van die kanaal te veroorsaak nie.

Die minste verliese sal in 'n kanaal voorkom wanneer die vloeitye van die water van sluis tot sluis bekend is en die sluise in 'n stroomafrigting oopgemaak word sodra die water wat by die betrokke sluis gelewer moet word die betrokke sluis bereik het. Dieselfde geld wanneer die sluise toegemaak word.

1.1.3. Opstel van leikaarte

Die beplanning van die waterverdeling vir die volgende periode word op 'n leikaart gedoen. 'n Leikaart toon 'n grafiese voorstelling van die indeling van leibeurte gedurende 'n periode. 'n Voorbeeld van 'n leikaart word in Aanhangsel B aangetoon.

'n Leikaart word vir elke groep sluise met 'n gemeenskaplike leweringspunt saamgestel. Elke groep sluise op 'n spesifieke takkanaal word saamgegroepeer om die totale vloeitempo, wat by die kanaal ingelaat moet word, te bepaal.

Op die leikaart word al die sluise in 'n stroomaf volgorde getabuleer, ongeag of die sluis water aangevra het of nie. Elke kanaal se waterverliese word apart bereken as 'n

persentasie van die totale vloeytempo in die kanaal. Aan die einde van 'n leikaart verskyn 'n opsomming wat bestaan uit die totale hoeveelheid water aangevra, die totale verliese en die groot totaal. Die verliese word in meer detail in § 1.1.6 bespreek.

Die opsomming van die totale aanvraag vir 'n spesifieke periode word vanaf al die leikaarte opgestel en word vervolgens bespreek.

1.1.4. Opsomming van die aanvraag

Die opsomming van die aanvraag vir 'n spesifieke periode word opgestel uit die totale van die leikaarte van die verskillende wyke. Verdampings- lekkasie- en kompensasierverliese word bygevoeg om die water in die hoofkanaal tot by elke ontvangspunt te bring. Die totale aanvraag weerspieël die werklike hoeveelheid water wat by die bron losgelaat moet word om die aanvraag vir elke dag van die periode te bevredig. 'n Voorbeeld van die opsomming van die aanvraag word in Aanhangel B aangetoon.

Die ontvangspunt is die punt waar die waterbeheerbeampte die water uit die hoofkanaal onttrek. Die tyd benodig is die tyd waarop die waterbeheerbeampte die water beskikbaar moet hê om sy waterverdeling reg te laat verloop. Die looptyd is die tyd wat nodig is om die water vanaf die bron tot by die betrokke ontvangspunt te lei. Die damtyd is die tyd waarop die damsluis verstel moet word sodat die water betyds by die ontvangspunt sal wees, d.w.s. die verskil tussen die tyd benodig en die looptyd = die damtyd.

1.1.5. Verspreidingsopdrag

Skriftelike opdrag word daagliks aan die kanaalwagte gegee waarop aangedui word presies hoe laat elke sluis oopgemaak, verstel of toegemaak moet word.

Die verspreidingsopdrag word vanaf die leikaart opgestel en daarop verkyn die naam van die kanaalwag, die subwyk wat deur hom bedien word en die dag waarvoor die opdrag uitgereik word. 'n Voorbeeld van 'n verspreidingsopdrag word in Aanhangel B aangetoon.

Die sluisnommers word in die volgorde waarin dit oopgemaak of verstel moet word getabuleer asook die meetplaatlesing of sluisopening en die tyd van verstelling. Indien die tyd waarop die sluis verstel is nie ooreenstem met die tyd op die opdrag nie, word die werklike tyd op die opdrag aangeteken. Dieselfde word gedoen met die vloeitempo.

1.1.6. Verliese

Die doeltreffendheid van 'n waterverdelingstelsel word bepaal deur die verliese as gevolg van lekkasie en die bedryf van die stelsel. Verliese word hoofsaaklik in vier verskillende komponente verdeel nl. verdampings-, lekkasie-, verspillings- en opvullingsverliese.

a. Verdampingsverliese:

Verdampingsverliese word gedefinieer as daardie hoeveelheid water wat a.g.v. verdamping verlore gaan. Hierdie verlies is gewoonlik klein in vergelyking met die ander verliese.

b. LekkasiEVERLIESE:

Die verlies van water wat uit 'n kanaal uit lek a.g.v. inherente swakhede in die kanaal, soos gekraakte beton en ou sluise, word gedefinieer as lekkasiEVERLIESE.

LekkasiEVERLIESE word gewoonlik as 'n persentasie van die totale vloeitempo in 'n betrokke kanaal uitgedruk.

c. Verspillingsverliese:

Verspillingsverliese is daardie verlies wat ontstaan a.g.v. water wat ongebruik by 'n kanaaleindpunt verbyloop. Kanaaleindpunte word gebruik om te bepaal of daar genoeg water in 'n kanaal is of nie. Indien die waterverdeling vir 'n spesifieke kanaal korrek gedoen word, behoort die kanaaleindpunt net oor te loop.

d. Opvullingsverliese:

Die meeste skemas in Suid-Afrika werk met drukbeheerde sluise en gevolglik word daar van lang keerwalle gebruik gemaak om die druk op 'n drukbeheerde sluis, vir variërende vloeitempo's, redelik konstant te hou. Indien daar geen invloed in die kanaalstelsel is nie, staan die keerwalle vol water wat dan a.g.v. verdamping en lekkasie geleidelik leegloop. Die watervlak agter die keerwalle bepaal die hoeveelheid ekstra water wat losgelaat moet word om die keerwalle te vul. Hierdie hoeveelheid

water staan bekend as 'n opvullingsverlies en dit word eerste losgelaat om die kanaalstelsel te vul.

1.1.7. Beskikkingsverslag

'n Beskikkingsverslag is 'n verslag wat die algehele doeltreffendheid, die doeltreffendheid van die kanaalstelsel en die doeltreffendheid van die bedryf van 'n spesifieke besproeiingskema weergee.

Die beskikkingsverslag word vir elke periode opgestel en dit gee 'n detail uiteensetting van die hoeveelheid water wat gelewer, aangevra en verbruik is. Hierdie inligting word gebruik om die bruto en netto verliese te bereken soos beskryf in die voorbeeld in Aanhangsel B.

1.1.8. Bespreking van die hand-waterverdelingstelsel

Die hand-waterverdelingstelsel is 'n beproefde stelsel wat oor 'n lank tydperk ontwikkel is en indien die waterverdeling volgens die voorskrifte gedoen word, lewer dit goeie resultate. Nadele van die stelsel is dat dit baie arbeid intensief is en dat daar 'n paar faktore is wat die effektiwiteit van die stelsel beïnvloed. Die belangrikste van hierdie faktore word in die volgende paragrawe bespreek.

a. Verwerking van wateraansoeke

'n Paar mense is betrokke by die verwerking van die wateraansoeke en gevolglik kom berekeningsfoute dikwels voor. Indien dit sou reën en baie besproeiers kanselleer hulle wateraansoeke dan is die stelsel lomp en kan 'n nuwe loslating nie vinnig en effektief herbereken word nie.

b. Bepaling van looptye

'n Foutiewe looptyd beteken dat 'n sluis te vroeg of te laat oopgemaak word en dat water vir 'n tydperk ongebruik by die punt verby loop of dat besproeiers vir 'n tydperk minder water ontvang as wat hulle aangevra het.

Tans word looptye algemeen bepaal deur die watergolf met die oog waar te neem. Hierdie metode werk goed indien 'n leë kanaal volgemaak word, maar groot foute kan gemaak word indien dieselfde metode vir 'n vol kanaal gebruik word. 'n Kanaalstelsel

wat met drukbeheerde sluise werk, het baie keerwalle wat die watervlak redelik konstant hou vir verskillende vloei tempo's en enige verandering in die watervlak is dus moeilik waarneembaar.

Die handleiding vir waterbeheerbeamptes stel voor dat elke waterbeheerbeampte 'n vloeiitydkaart vir elke kanaal onder sy beheer opstel. Die vloeiitydkaart bevat alle relefante inligting van die kanale soos die maksimum dravermoë, strukture, tipe sluise, afstand tussen sluise, sluisnommers, maksimum vloei deur sluise en die looptye onder verskillende vloei toestande en weersomstandighede. Die looptye word gewoonlik uit ondervinding oor 'n tydperk van 'n aantal jaar versamel en indien waterbeheerbeamptes verskuif word, word hierdie inligting saamgeneem en moet die nuwe beampte van voor af inligting begin versamel.

Waterbeheerbeamptes wat verskuif of vervang word, gaan gewoonlik gepaard met 'n verlies aan waardevolle ondervinding en inligting.

c. Bepaling van verliese

Die akkurate bepaling van verliese is 'n taak waarmee elke waterbeheerbeampte daaglik mee te doen kry. Enige fout wat hiermee gemaak word, is duidelik waarneembaar by die betrokke kanaaleindpunte.

Tans word verliese uit ondervinding geskat en in die meeste gevalle word daar geen aanpassing in die verliesfaktore gemaak indien die aanvraag verander nie. Jare se bedryfsondervinding van spesifieke kanale gaan gewoonlik verlore indien personeel verander. Onervare waterbeheerbeamptes sit eerder te veel water in 'n kanaal om seker te maak dat al die besproeiërs water kry en sodoende gaan daar groot hoeveelhede water verlore. Die persentasie verlies wat deur Loskop-besproeiingsraad by sekere kanale bygevoeg word, is so hoog as 40%.

d. Opstel van leikaarte

Leikaarte word per periode vir elke kanaal met die hand opgestel. Veranderings in die wateraanvraag kan daaglik plaasvind en dit moet op die leikaart aangebring en ook na die waterkantoor toe gestuur word sodat die opsomming van die aanvraag herbereken kan word. As gevolg van die groot hoeveelheid inligting wat in kort tye verwerk moet word, word menslike berekeningsfoute gemaak wat tot waterverliese kan lei.

e. Opstel van verspreidingsopdragte

Die verspreidingsopdrag word vanaf die leikaart vir elke kanaal per periode opgestel. Veranderings in die aanvraag word dus vanaf die leikaart op die verspreidingsopdrag aangebring. Enige foute wat op die leikaart gemaak word, word gevolglik net so oorgedra na die verspreidingsopdrag.

f. Berekening van die opsomming van die aanvraag

Die berekening van die opsomming van die aanvraag is baie tydrowend, aangesien alle wateraansoeke eers deur die betrokke wyk se waterbeheerbeampte in die vorm van 'n leikaart verwerk word. Verliese word deur die waterbeheerbeampte op die leikaart bygevoeg. Die leikaarte van elke wyk word dan na 'n sentrale waterkantoor op die skema gestuur waar al die leikaarte gebruik word om die opsomming van die totale aanvraag saam te stel. Indien die kanaalstelsel stilgestaan het, tipies oor 'n naweek, word daar ook 'n opvullingsverlies bygevoeg.


Enige verandering in die aanvraag beteken dat die totale proses herhaal moet word. 'n Groot hoeveelheid inligting moet gevolglik in 'n kort tyd verwerk word en berekeningsfoute kom dus gereeld voor.

g. Opstel van beskikkingsverslae

Aan die einde van elke periode word 'n beskikkingsverslag saamgestel deur o.a. van die opsomming van die aanvraag gebruik te maak. Enige berekeningsfoute op die opsomming van die aanvraag sal gevolglik oorgedra word na die beskikkingsverslag.

'n Skematiese voorstelling van die hand-watervedelingstelsel word in Figuur 1.5 getoon. Uit die bogenoemde paragrawe en Figuur 1.5 kan gesien word dat die aanvraagkaartjies gebruik word om die leikaarte en verspreidingsopdragte op te stel. Die leikaarte word gebruik om die opsomming van die aanvraag te bereken. Die opsomming van die aanvraag word gebruik om die loslating te bepaal en om die beskikkingsverslag op te stel.

Hand-waterverdelingstelsel



Figuur 1.5 Skematiese voorstelling van die hand-waterverdelingstelsel.

Uit die vorige paragrawe kan gesien word dat die hand-waterverdelingstelsel sekere tekortkominge het wat verantwoordelik is vir die meeste verliese wat tans op die skemas ontstaan. Die belangrikste word hieronder opgesom.

- Baie mense is betrokke by berekenings en berekeningsfoute kan dus maklik voorkom.
- Verliese is 'n onbekende faktor wat in die meeste gevalle geskat word.
- Looptye onder verskillende vloeitoestande en weersomstandighede kan nie bereken word nie en is gevolglik nie baie akkuraat nie.
- Die stelsel is lomp en oneffektief indien loslating herbereken moet word a.g.v. veranderings.
- Personeelverskuiwings het 'n negatiewe invloed op die bedryf van die stelsel a.g.v. inligting en ondervinding wat verlore gaan.

- Die volgende paragrafe beskryf 'n gerekenariseerde waterverdelingstelsel wat bogenoemde tekortkominge aanspreek en wat algemeen toepasbaar is op alle skemas wat op die aanvraagstelsel werk.

Die gerekenariseerde waterverdelingstelsel maak van drie rekenaarprogramme gebruik om waterverdeling op besproeiingskemas, wat op die aanvraagstelsel werk, te optimaliseer. Die rekenaarprogramme bestaan uit 'n wateraanvraagstelsel (RAUDB), 'n loslatingberekening-stelsel (SigmaQ) en 'n simulasiemodel (PROCAN). Elkeen van hierdie rekenaarprogramme word vervolgens afsonderlik bespreek.

Die wateraanvraagstelsel (RAUSB) is 'n gerekenariseerde weergawe van die waterregisterstelsel wat tans deur die Departement van Waterwese op besproeiingskemas gebruik word. Skemas wat reeds RAUSB geïmplementeer het, is Loskop-besproeiingsraad, Pongola-besproeiingsraad, Sandvet-, Rietrivier-, Vaalharts-, Mooirivier-, Hartbeespoort- en Marico-staatswaterskemas.

Figuur 1.6 Gerekenariseerde aansoekkaartje

Die wateraansoeke van die boere vir 'n spesifieke periode word direk in die rekenaar ingevoer op 'n aansoekkaartjie soos in Figuur 1.6 aangetoon. Die inligting wat op die kaartjie ingevoer word, is dieselfde as vir die handstelsel behalwe dat die rekenaar die aangevraagde volume automaties uitwerk en op die skerm vertoon. Addisionele inligting soos die waterbalans van die spesifieke perseel word ook getoon en dit help om te keer dat besproeiers nie hul toegekende kwota vir 'n gegewe waterjaar oorskry nie.

Sodra die wateraansoeke ingevoer is, is die volgende dokumentasie onmiddelik op aanvraag beskikbaar:

a. Waterbalansstate:

WAS Weergawe 1.06				Balansstaat van C45				NRG	
Posadres: G.H. VAN LEEUWEN						Wyk:		W4	
POSBUS 273						Tipe :		BESM	
GROBLERSDAL						Datum:		03-08-93	
0470						Waterjaar:		93/94	
Oorspr	Aanvul	Kansel	Totaal	Balans	Verbr	Kwota	Oorpl	Gemeet	
m3	m3	m3	m3	m3	%	m3/ha	m3	m3	
1	0	0	0	0	79156	0	3080	0	0
2	0	0	0	0	79156	0	0	0	0
3	0	0	0	0	79156	0	0	0	0
4	0	0	0	0	79156	0	0	0	0
5	0	0	0	0	79156	0	0	0	0
6	0	0	0	0	79156	0	0	0	0
7	0	6528	0	6528	72628	8	0	0	0
8	0	0	0	6528	72628	8	0	0	0

Figuur 1.7 Waterbalansstaat

'n Voorbeeld van 'n waterbalansstaat word in Figuur 1.7 aangetoon en dit gee 'n rekord van alle wateraansoeke wat deur 'n spesifieke perseel aangeaan is. Kolom 1 dui die periode of weeknommer aan. Kolom 2 dui die oorspronklike aanvraag vir die verskillende periodes in kubieke meter aan. In kolom 3 en 4 word die aanvullende en gekanselleerde volumes water onderskeidelik vir die betrokke periode aangedui. Die totaalkolom toon die kumulatiewe totaal tot en met elke periode aan. Die balanskolom toon die balans van elke periode aan en die % verbr.-kolom toon aan hoeveel van die totale toekenning reeds verbruik is. Alle kwotas wat gedurende die waterjaar toegeken is, word in die volgende kolom in kubieke meter per hektaar aangetoon. Die laaste

twee kolomme bevat onderskeidelik die kumulatiewe volume in kubieke meter van alle oorplasinge en die kumulatiewe gemete volumes tot en met elke periode.

b. Waterverslag:

'n Voorbeeld van 'n waterverslag word in Figuur 1.8 aangetoon. 'n Waterverslag is 'n opsomming van die daaglikse volumes water per periode of week. 'n Waterverslag kan vir 'n wyk of skema aangevra word.

Die eerste twee lyne van die verslag toon die tipe aanvraag, asook die datum en waterjaar aan. Kolom 1 dui die periodes of weke aan. Die volgende 14 kolomme dui daaglikse volumes water in kubieke meter aan. Die laaste twee kolomme toon onderskeidelik die gemete volumes en die totale van elke periode aan. Die groottotaal word regs onder getoon.

WAS Weergawe 1.04			Waterverslag van skema					NRG	
Waterjaar: 93/94									
	Sondag 1		Maandag		Dinsdag		-	Gemeet	Periode
	Dag	Nag	Dag	Nag	Dag	Nag	-	Vol	Vol
1	0	9724	121872	116364	139227	127020	-	86186	1200946
2	0	6528	116842	122702	148316	148856	-	0	868566
3	0	0	6860	7768	136010	120828	-	108	1221226
-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
52	0	0	0	0	0	0	-	0	0
53	0	0	0	0	0	0	-	0	0
Totaal:								13111061	

Figuur 1.8 Waterverslag

c. Verslag van oorplasinge:

'n Verslag van oorplasinge word in Figuur 1.9 getoon en dit bevat alle inligting van water wat tussen persele oorgeplaas is.

Kolomme 1 en 2 toon onderskeidelik die perseelnommer wat die water gelewer het en die perseel wat die water ontvang het. Kolom 3 toon die periode waarin die oorplasing gedoen is, kolom 4 en 5 die tipe en volume water wat oorgeplaas is en die tweede laaste kolom die datum waarop die oorplasing geskied het. Die laaste kolom toon 'n nota (indien enige) wat die transaksie beskryf.

WAS Weergawe 1.04			Alle oorplasinge			NRG
Vanaf	Na	Periode	WaterTipe	Volume	Datum	Nota
A39A	A39B	8	KWOTA	3672	25.05.93	AUTOMATIES
A39A	A39B	9	KWOTA	8160	28.05.93	AUTOMATIES
A44A	A44B	9	KWOTA	1632	28.05.93	AUTOMATIES

Figuur 1.9 Verslag van oorplasinge

d. Leikaarte:

'n Voorbeeld van 'n leikaart word in Figuur 1.10 aangetoon. 'n Leikaart word per periode of week volgens wyke aangevra. Kolom 1 en 2 van die leikaart toon die perseelnommer en die ure waarvoor water aangevra is aan. Die persele word in die volgorde soos wat hulle in die kanaal voorkom op die leikaart aangetoon en elke perseel se aansoeke word beskryf deur 4 rye. Ry 1, 2 en 3 toon die oorspronklike, aanvullende en kansellasië aansoek aan. In ry 4 word die totaal aangetoon. Elke ry is opgedeel in kolomme van dag en nag volumes met die totaal van elke ry aan die regterkant.

Die groottotale van al die aansoeke vir die spesifieke wyk word aan die einde van die leikaart getoon.

WAS Weergawe 1.04		Leikaart van W4.LKT vir PerNr 5										NRG
Perseel	Ure	So		Ma		Di		Wo		-		Volume (m3)
		D	N	D	N	D	N	D	N	D	N	
C16		+O										
		+A										
		-K										
		Tot										
C27		+O										
		+A										
		-K										
		Tot										
Totaal			0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Figuur 1.10 Gerekenariseerde leikaart

e. Verspreidingsopdragte:

Figuur 1.11 toon 'n voorbeeld van 'n verspreidingsopdrag soos deur die rekenaar gegenereer. Die volgorde van die persele op die opdrag is dieselfde as op die leikaart. Die detail van elke perseel is opgedeel in dag en nag siklusse van 12 ure elk. Die opdrag vir elke perseel word beskryf deur 2 rye. Ry 2 gee die detail van hoeveel water by die betrokke sluis uitgelaat moet word en ry 1 word gebruik vir terugvoering, d.w.s. hoeveel water werklik losgelaat is. Kolom 2 van die opdrag dui die struktuurtype aan en dit kan wissel tussen m³/uur, v-keep, 1 voet parshall, 2 voet parshall tot en met 'n 8 voet parshall. Afhangende van die tipe struktuur wat gespesifiseer is, sal die ooreenstemmende vloeitempo in m³/uur of meetplaatlesing in mm gegee word. Die tweede laaste kolom van die opdrag toon die oop- en toemaaktye van die betrokke sluis. Die laaste kolom toon die totale volume wat per sluis aangevra is.

WAS Weergawe 1.04		Opdrag van W4.LKT vir PerNr 7										NRG
Perseel	Struktuur	Sol		Ma		Di		-		Tyd		Volume
		D	N	D	N	D	N	-	-	Oop	Toe	
C44	m3/uur		0	0	0	0	0	0	-		00:00-00:00	
C45	m3/uur		0	0	0	0	68	68	-		00:00-00:00	1632

Figuur 1.11 Verspreidingsopdrag

f. Opsomming van die waterbalanse:

Figuur 1.12 toon 'n voorbeeld van waterbalanse. Hierdie verslag word vir 'n spesifieke periode of week per wyk of vir die totale skema aangevra.

Lyn 1 van die verslag toon die tipe aanvraag en die periode aan. Kolom 1 toon die perseelnommer, kolom 2 en 3 toon die tipe perseel en die betrokke waterwyk, kolom 4 en 5 gee die perseelinlysting in hektaar en die totale kwotatoekenning vir die waterjaar. Die tweede laaste kolom toon die waterbalans in kubieke meter tot en met die betrokke periode en die laaste kolom gee die adres aan.

WAS Weergawe 1.04			Balanse van Wyk W4 op periode 7				NRG
Perseel	Type	WaterWyk Lid	Ingelys	Kwota	Balans	Eienaar	
C1	BESM	W4	25.70	79156	79156	O T K	
C10	BESM	W4	25.70	79156	79156	L. ERASMUS	
C11	BESM	W4	25.70	79156	79156	D.J. SCHOLTZ	
C12	BESM	W4	25.70	79156	79156	G.J. BOUWER	

Figuur 1.12 Opsomming van waterbalanse

g. Opsomming van die persentasie kwota verbruik:

'n Opsomming van die persentasie kwota verbruik word in Figuur 1.13 aangetoon.

Hierdie verslag word vir 'n spesifieke periode of week vir die totale skema aangevra en dit toon per wyk die aantal persele wat 'n sekere persentasie kwota verbruik het. Die intervale begin vanaf 0% tot 10% met inkremente van 10% tot by 100%.

Die eerste 4 lyne van die verslag toon die tipe aanvraag, die datum, waterjaar en die periode aan. Kolom 1 toon die wyk aan, kolom 2 tot 11 die aantal persele wat in die ooreenstemmende interval val en die laaste kolom toon die totale aantal persele van die wyk aan. Die laaste twee lyne van die verslag toon die totale aantal persele per interval en die persentasie van die totale aantal persele vir elke interval.

WAS Weergawe 1.04		Persentasie KWOTA					verbruik van Skema			NRG
Datum: 03-08-93										
Waterjaar: 93/94										
Periode: 7										
Wyk	0-10%	11-20%	21-30%	31-40%	41-50%	-	81-90%	91-100%	100%	Totaal
	6	0	0	0	0	-	0	0	0	6
E1	8	1	0	1	1	-	1	3	1	16
E2	36	3	3	3	0	-	3	11	10	75
W1	7	1	0	2	0	-	1	5	5	17
W10	24	4	3	6	5	-	5	9	8	88
W2	32	1	2	3	2	-	1	6	6	58
W3	10	0	2	1	2	-	2	5	4	28
W4	41	0	2	4	4	-	4	14	13	80
W5	21	0	2	4	7	-	4	6	6	64
W6	26	3	2	2	6	-	4	18	16	95
W7	23	2	2	2	5	-	6	17	16	75
W8	46	2	3	6	6	-	2	22	21	96
Totaal	280	17	21	34	38	-	33	116	106	698
%	40	2	3	4	5	-	4	16	15	100

Figuur 1.13 Opsomming van die persentasie kwota verbruik

1.2.2. Simulasiemodel (Procan)

Die simulasiemodel is 'n rekenaarprogram wat ongestadigde, nie-uniforme vloei in besproeiingskanale simuleer. Die simulasiemodel word in detail in die WNK Verslag No 176/1/90 beskryf.


Reghoekige, trapesoïdale, sirkelvormige, driehoekige en paraboliese kanaalsnitte kan gebruik word. Enige ander snit waarvan die sniteienskappe as 'n funksie van die waterdiepte bekend is, kan ook hanteer word. Kontrolestrukture soos sluise, skerp- en breëkruinoorlope en duikers kan in die kanaal voorkom. Kanaaloorgange soos op-en afwaartse trappe, vernouings en verbredings kan hanteer word. Aftappings in die vorm van konstante onttrekkings of vloei deur sluise en oorlope kan uit die kanaal gemaak word. Verder kan die program ook sluisopeninge bereken om konstante waterdieptes te lewer. Die simulasiemodel is in die WNK Verslag No 176/1/90 bekragtig en die resultate toon dat die model 'n goeie voorstelling van ongestadigde, nie-uniforme vloei in besproeiingskanale gee. Die akkuraatheid van die resultate hang egter af van die akkuraatheid van die invoerdata.

Die simulasiemodel is geskik vir die akkurate berekening van looptye, verdampings-syferings- kompensasie- en verspillingsverliese onder verskillende vloeitoestande. Die volgende paragrafe beskryf die berekening van looptye en verliese deur gebruik te maak van 'n hipotetiese kanaal.

Die kanaal het 'n lengte van 80 km, 'n bodemhelling van 1:5000, 'n Manning n-waarde van 0,014 en 'n trapesoïdale snit met 'n bodembreedte van 3,0m en 'n syhelling van 1:0,75. Die eienskappe van hierdie kanaal stem min of meer ooreen met die linkerbank hoofkanaal van Loskop-besproeiingskema.

a. Berekening van looptye

Die aanvanklike vloeytempo in die kanaal is gestadig teen 0,02 m³/s. Die aanloop- en aflooptye is oor 'n afstand van 80 km m.b.v. die simulasiemodel bereken vir die intervale soos aangetoon in Figuur 1.14. 'n Fout van 10 l/s is tydens die berekening van die looptye aanvaar. Die resultate toon dat die looptye by lae vloei in die geval van die aanloop heelwat korter is as vir die afloop. Hoe hoër die vloeytempo hoe kleiner raak hierdie verskil.




Figuur 1.14 Looptyd as 'n funksie van vloeitempo

b. Berekening van syferingsverliese

Syferingsverliese word uitgedruk in l/s per 1000 m² benatte oppervlakte van die kanaalvoering. Volgens Reid, Davidson en Kotze (1986) is die syferingsverliese in betonkanale ongeveer 0,35 tot 1,9 l/s per 1000 m².

Die syferingsverlies is m.b.v. die simulasiemodel vir verliesfaktore van 0,2 tot 2,0 l/s per 1000 m² bepaal. Die vloeitempo is gewissel vanaf 0,01 tot 6,0 m³/s. Die resultate word in Figuur 1.15 aangetoon.




Figuur 1.15 Syfering as 'n funksie van vloeitempo

c. Berekening van verdampingsverliese

Verdampingsverliese word uitgedruk in l/s per 1000 m² wateroppervlak wat aan die atmosfeer blootgestel is. Reid, Davidson en Kotze (1986) noem dat ongeveer 0,3 % van die totale stroom as gevolg van verdampingsverliese verlore gaan.

Die % van die totale stroom is egter onafhanklik van die blootgestelde wateroppervlak en kan gevolglik nie algemeen toegepas word nie. Verdampingsyfers verkry van 'n klas A verdampingspan op Loskop-besproeiingskema is gebruik om realistiese verdampingsverliese vir die hipotetiese kanaal te bereken. Eksperimente resultate wat deur Mnr. M. Grift van die Departement van Waterwese uitgevoer is, het getoon dat die verdamping vanaf 'n klas A verdampingspan groter is as die verdamping vanaf 'n besproeiingskanaal.




Figuur 1.16 Verdamping as 'n funksie van vloeitempo

Figuur 1.16 toon die waterverlies in die hipotetiese kanaal a.g.v. verdamping wat wissel vanaf 1mm/dag tot 25mm/dag. Die verdampingsverlies is klein in vergelyking met die syferingsverlies en dit verklaar hoekom skemas oor die algemeen verdamping en syfering kombineer in 'n enkele lekkasieverlies.

d. Berekening van opvullingsverliese

Die simulsiemodel kan op enige tydstep die totale volume water in die kanaal bereken. Die volume water wat nodig is om die keerwalle van die hipotetiese kanaal te vul is 75410 m^3 en dit is bereken deur 'n vloeitempo van $0,01 \text{ m}^3/\text{s}$ regdeur die kanaal te aanvaar.

Figuur 1.17 toon die verband tussen die totale volume water in die hipotetiese kanaal en die vloeitempo aan. Die werklike opvullingsverlies vir die hipotetiese kanaal mag dus nie 75434 m^3 oorskry nie.




Figuur 1.17 Volume as 'n funksie van vloeitempo

e. Berekening van verspillingsverliese

Verspillingsverliese in 'n besproeiingskanaal is onvermydelik aangesien 'n watergolf 'n sekere aanloop en aflooptyd het. Hierdie beginsel word m.b.v. die hipotetiese kanaal en 'n enkele onttrekkingspunt geïllustreer.

'n Onttrekkingspunt word op kettingafstand 40 km geplaas. 'n Aanvanklike vloeitempo van $3 \text{ m}^3/\text{s}$ word regdeur die kanaal aanvaar. Die invloei word verhoog na $3,5 \text{ m}^3/\text{s}$ om $0,5 \text{ m}^3/\text{s}$ vir 'n tydperk van 24 ure by die onttrekkingspunt te lewer.

Die onttrekkingspunt word oopgemaak sodra die totale vloeitempo in die kanaal by die onttrekkingspunt binne 10 l/s van die teikenvloeitempo is nl. $3,49 \text{ m}^3/\text{s}$. Dieselfde geld vir die toemaaktyd. Verliese word vir die doel van hierdie berekening geïgnoreer.




Figuur 1.18 Verspillingsverlies

Die aan- en aflooptye na die onttrekkingspunt is m.b.v. die simulasiemodel bereken. Hierdie looptye is in 'n volgende simulatie gebruik om die hidrograwe net na die onttrekking en aan die einde van die kanaal te bereken. Die resultate word in Figuur 1.18 aangetoon. Die area onder die twee hidrograwe is dieselfde omdat daar geen water tussen hierdie twee punte verlore gaan nie. Indien $3.0 \text{ m}^3/\text{s}$ dus as die basislyn gebruik word, dui die area onder enige van die twee krommes die verspillingsverlies aan.

1.3. Aanvraagopsommingstelsel (SigmaQ)

Die aanvraagopsommingstelsel (SigmaQ) is 'n rekenaarprogram wat wateraansoeke in 'n kanaalstelsel sommeer met inagneming van verliese en looptye. Die loslatings by die bron en takkanale van 'n kanaalstelsel kan dus onder verskillende vloeitoestande bereken word.

Die totale kanaalstelsel word opgedeel in elemente (soos aangetoon in Figuur 1.19). 'n Element bestaan uit 'n kanaalgedeelte met 'n sluis of 'n takkanaal aan die eindpunt.



Figuur 1.19 Skematiese voorstelling van kanaalstelsel opgedeel in elemente

Elke element word vir 'n laag, medium en kapasiteit vloeitempo gekalibreer. Data wat vir elke vloeitempo benodig word is die vloeiensnelheid, watervlaktbreedte, benatte omtrek, verdampingstempo, syferingstempo, aanlooptyd, aflooptyd en 'n kompensasie

verlies. 'n Voorbeeld van die data wat vir elke element benodig word, word in Figuur 1.19 aangetoon.

Die elementdata word vervolgens afsonderlik bespreek.


1.3.1. Vloeiensnelheid

Die vloeiensnelheid vir elke element word tipes m.b.v. 'n snelheidsmeter of dobbermeting bepaal. 'n Alternatiewe metode is om elke kanaal m.b.v. die simulasiemodel PROCAN te simuleer en sodoende die vloeiensnelhede vir die drie vloei-toestande te bereken.

SigmaQ gebruik die vloeiensnelheid in 'n element om die looptyd deur 'n element soos volg te bereken:

$$Looptyd = \frac{\text{Element lengte}}{\text{Vloeiensnelheid}}$$

Die looptyd word gebruik om die hidrograaf (som van die stroomaf wateraanvrae) vanaf die eindpunt van 'n spesifieke element na die beginpunt van dieselfde element te verplaas. Figuur 1.20 toon 'n hidrograaf wat m.b.v. SigmaQ verplaas is.



Figuur 1.20 Verplasing van die som van die oorspronklike aanvraag

Vir 'n spesifieke element word dieselfde vloeisnelheid vir alle vloeitoestande aanvaar en gevolglik is die vloeisnelheid vir laag, medium en kapasiteit dieselfde. Verskillende vloeisnelhede in dieselfde element lewer 'n onstabiele hidrograaf met moontlike diskontinuiteite.

1.3.2. Watervlakbreedte en benatte omtrek

Die watervlakbreedte en die die benatte omtrek word m.b.v. PROCAN vir die laag, medium en kapasiteit vloeitoestande bereken. Die watervlakbreedte word gebruik om verdampingsverliese te bereken en die benatte omtrek word gebruik om syferingsverliese te bereken.

1.3.3. Verdamping, syfering, kompensasie

Klas A verdampingspansyfers in mm word verwerk na l/s per 1000 m² en ingevoer as 'n verdampingsverlies. Syferingsverliese, soos gedokumenteer deur Reid, Davidson en Kotze (1986), van 0,35 tot 1,9 l/s per 1000 m² word gebruik. Daar word aanvaar dat die verdamping- en syferingstempo's vir al drie vloeitoestande dieselfde is.

Die verdamping uit elke element onder verskillende vloeitoestande word soos volg bereken:


$$\text{Verdamping} = \text{Verdampingstempo} \times \text{Element lengte} \times \text{Watervlakbreedte}$$

Die syfering uit elke element onder verskillende vloeitoestande word soos volg bereken:

$$\text{Syfering} = \text{Syferingstempo} \times \text{Element lengte} \times \text{Benatte omtrek}$$

Die kompensasierverlies vir elke element is 'n konstante vloeitempo wat by die bestaande vloeitempo getel word.

Figuur 1.21 toon hoe die oorspronklike hidrograaf verander indien verdamping-, syfering- en kompensasierverliese m.b.v. SigmaQ in berekening gebring word.




Figuur 1.21 Byvoeging van verliese by die som van die oorspronklike aanvraag

1.3.4. Aan- en aflooptye

Die loslating of invloei hidrograaf in 'n besproeiingskanaal het gewoonlik 'n blokvorm. Die blokvorm verander soos wat die watergolf stroomaf beweeg.

Die hidrograaf wat ontstaan a.g.v. die loslating by enige punt stroomaf van die invloei, het 'n sekere aanloop aan die begin voordat 'n piek bereik word en 'n sekere afloop aan die einde. Die basis van enige hidrograaf stroomaf is altyd breër en die piek is altyd laer as die ooreenstemmende waardes by die invloei. Hierdie vervorming van die hidrograaf word attenuasie genoem.


SigmaQ kompenseer vir die vervorming deur 'n aan- en aflooptyd by elke onttrekking by te voeg. Figuur 1.22 toon die resultaat van aan- en aflooptye wat deur SigmaQ by 'n onttrekking byvoeg is.



Figuur 1.22 Byvoeging van aan- en aflooptye by oorspronklike aanvraag

1.3.5. Berekende loslating m.b.v. SigmaQ

Die vorige paragrawe het die effek van verplasing, byvoeging van verliese en byvoeging van looptye op 'n wateraanvraag afsonderlik geïllustreer. Die loslating, soos dit deur SigmaQ bereken word, is egter 'n kombinasie van al bogenoemde en Figuur 1.23 toon die finale loslating wat verplasing, verliese en looptye kombineer.



Figuur 1.23 Finale loslating in vergelyking met die oorspronklike aanvraag

Die toepassing van SigmaQ vir die berekening van 'n loslating word vervolgens m.b.v. 'n eenvoudige voorbeeld geïllustreer.

1.3.6. SigmaQ berekeningsvoorbeeld


Die berekening van 'n loslating vir 'n kanaal met een onttrekkingspunt word m.b.v. die hipotetiese kanaal, soos beskryf in § 1.2.2, geïllustreer.

'n Onttrekkingspunt word op kettingafstand 40 km geplaas. 'n Gemiddelde vloei snelheid van 0,6 m/s is met behulp van die simulasiemodel, PROCAN, vir die kanaal bereken. Die watervlaktbreedte en benatte omtrek is ook m.b.v. PROCAN vir die verskillende vloeitoestande bereken. 'n Syferingsverlies van 1,0 l/s per 1000 m², soos voorgestel deur Reid, Davidson en Kotze (1986), en 'n verdampingsverlies van 0,06 l/s per 1000 m² (5,0 mm/dag) word aanvaar.

'n Basisvloei van 1,0 m³/s word regdeur die kanaal aanvaar. Die aanvraag by die onttrekkingspunt is 0,5 m³/s om 6:00 vir 'n tydperk van 24 ure.

Die loslating is deur SigmaQ bereken en die resultate word in Figuur 1.24 aangetoon. Die loslating is m.b.v. die simulasiemodel PROCAN getoets deur die hidrograaf direk stroomaf van die onttrekkingspunt te bereken (d.w.s. die uitvloei) en die resultate word ook in Figuur 1.24 aangetoon.

Die twee pieke in die uitvloei hidrograaf toon respektiewelik die verliese wat a.g.v. van die aan- en afloop ontstaan. Hierdie verliese kan elkeenlik verminder word indien die onttrekking gevarieer word om vir die aan- en afloop voorsiening te maak. Die watervdelingstelsel is egter vir drukbeheerde onttrekkingspunte ontwikkel wat nie variërende vloeitempo's kan hanteer nie. Die oplossing in Figuur 1.24 kan dus as die ideale oplossing beskou word.



Figuur 1.24 In- en uitvloei hidrograaf van 'n kanaal met 'n enkele onttrekking

